

Benjamin Norden en die *Neptune*-gebeure 1848-1850

ANNA VAN WYK*

Inleiding

Die *Neptune*-gebeure verwys na die krisis wat in die Kaap ontstaan het toe die Britse boot, die *Neptune*, met bandiete of te wel “ongewenste immigrante”, op 19 September 1849 in Simonstad aangekom het. Dié krisis kan net begryp word teen die agtergrond van ‘n Britse besluit om van die Kaap ‘n bandietekolonie te maak. In 1841 het lord Stanley, ‘n Britse minister, voorgestel dat Britse gevangenes, hoofsaaklik voormalige soldate, na Robbeneiland oorgeplaas moes word om na hulle vrylating in die Kaap aan te bly.¹

Die Kaapse goewerneur sir George Napier, het hierdie voorstel teengestaan omdat hy van mening was dat die teenwoordigheid van gevangenes ‘n negatiewe invloed op die Kleurlinge sou hê. Petisies is opgetrek en aan koningin Victoria voorgelê om dié voorstel teruggetrek te kry. Die owerhede in Brittanje het volgehou dat gevangenes die groot arbeidsvraagstuk wat na die vrystelling van die slawe in 1834 ontstaan het, kon oplos. In opvolging hiervan het lord Stanley in Maart 1842 voorgestel dat vyftig jeugdige gevangenes as vakleerlinge as ‘n eksperiment na die Kaap gestuur moes word.² Hierdie voorstel het weer eens ontevredenheid veroorsaak sodat dit ook herroep is. Die openbare mening aan die Kaap het daarop aangedring dat:

-
- Anna van Wyk is ‘n afgetrede dosent aan die departement Huishoudkunde aan die Universiteit van Pretoria. Nadat sy haar Ph. D. met Stedelike Sosiologie as studierigting in 1993 voltooi het, het sy vir die nagraadse diploma in museumkunde ingeskryf. ‘n Belangstelling en betrokkenheid by kultuurgeskiedenis het noodwendig gevolg en Jode is as kultuurgroep vir ‘n verdere studieprogram gekies. Sy is tans ingeskryf vir 'n tweede doktorsgraad aan die Universiteit van Pretoria.
1. D. NEWBY, “The convict ship Neptune,” in *Simon’s Town Historical Society Bulletin*, 29(4), July 1997, p. 143.
 2. *The South African Commercial Advertiser*, 7 April, 1849; H.C. BOTHA, *John Fairbairn in South Africa*. (Historical Publication Society, Kaapstad, 1984), p. 199; G.M. THEAL, *History of South Africa* (Cape Town, 1964), pp. 72-73.

(T)he Cape would not be included in the scheme for polluting the Colonies with criminals unless there was ‘a prevalent opinion in the Colony’ in favour of it.³

Graaf Grey, die minister van kolonies, het op 8 Augustus 1848 die volgende *depeche* aan die goewerneur aan die Kaap, sir Harry Smith, gestuur: “aanbiedende om (Ierse) bandieten naar de Kaap te zenden, ‘indien men het onderwerp goedkeurt’.”⁴ Hierdie voorstel is nie deur die Kapenaars goedgekeur nie.

Die gebeure wat van 1848 tot rondom die moontlike vestiging van Britse gevangenes aan die Kaap afgespeel het, is redelik min bekend in die Suid-Afrikaanse historiografie. A. I. Hattersley verduidelik hoe die bandietekrisis tot die ontwikkeling van ‘n eenheidsgevoel onder die inwoners van die Kaapkolonie bygedra het.⁵ P. L. Scholtz skryf:

Vanweë die Britse parlementêre besluit om die Kaap as ‘n bandietekolonie te gebruik, het die gemoedere in 1849 so hoog geloop dat die meeste van die burgerlike lede van die Wetgewende Raad bedank het. Die siel van die Anti-Bandietebeweging in Kaapstad was John Fairbairn [redakteur van *The South African Commercial Advertiser* (SACA)], maar Engels- en ‘Afrikaanssprekendes’ het hand aan hand geprotesteer teen die ontskeping van die Neptune se 282 ongewenste immigrante.⁶

A.L.Geyer, verwys na “gevoelens oor die bandietekwessie wat buitengewoon hoog geloop het”, maar werp min lig oor wat werklik gebeur het.⁷ In sy biografie van sir Harry Smith belig A.L. Harington die Kaapse goewerneur se betrokkenheid by die Neptune gebeure.⁸ H.C. Botha se doktorsale verhandeling beskryf Fairbairn se rol as ‘n diktator tydens die gebeurtenis.⁹ In ‘n meer resente publikasie oor die geskiedenis van Kaapstad lig N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith ‘n sluiër oor die voorval en verwys na ‘n Joseph Norden (in stede van Benjamin Norden), wat as lid van die munisipaliteit geskors, aangeval en as ‘n semi-invaliede

3. *The South African Commercial Advertiser*, 21 March, 1849.

4. *Het Kaapsche Grensblad*, 3 January, 1850.

5. A.L. HATTERSLEY, *The convict crisis and the growth of unity: resistance to transportation in South Africa and Australia, 1848-1853*, (University of Natal Press, Pietermaritzburg, 1965).

6. P.L. SCHOLTZ, “Die Kaapkolonie, 1853-1902”, in C.F.J. MULLER, *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, (Pretoria, 1968), pp. 157-183.

7. A.L. GEYER, “Britse Bestuursvorme tot 1910” in A.J.H. VAN DER WALT, J.A. WIID en A.L. GEYER, in *Geskiedenis van Suid-Afrika*, deel 11, (Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1951), p. 49-69.

8. A.L. HARRINGTON, *Sir Harry Smith- bungling hero*, (Tafelberg, Kaapstad, 1980), pp. 146-148.

9. H.C. BOTHA, *John Fairbairn in South Africa*, pp. 135-232.

gelaat is.¹⁰ L. Herrman, ‘n Joodse historikus verwys in besonder op die rol wat Norden tydens hierdie krisis gespeel het en verduidelik hoe dit die Joodse gemeenskap geraak het.¹¹

Wat hierdie voorval merkwaardig maak, is die wyse waarop die meeste koerante in die Kaapkolonie en in dele van die buiteland aandag aan die bandietekwessie gegee het om die openbare mening te manipuleer. Hulle het die lesers volledig ingelig oor die meningswisseling hieroor tussen die Kaapse goewerneur en die owerhede in Brittanje. Botha skryf dat *The South African Commercial Advertiser* en *De Zuid-Afrikaan* saam kragte teen die bandietekwessie gesmee het.¹² Die redakteur van *Het Kaapsche Grensblad* in Grahamstad verwys in die uitgawe van 9 Juny (ie) 1849 hierna:

Wy maken dus by onze lezers geene verschooning dat wy in ons blad van heden de voorkeur geven aan de verslagen der publieke byeenkomsten met betrekking tot een onderwerp het welk zoo veel opgewektheid in ons land heeft veroorzaakt.¹³

Tog skryf dieselfde redakteur op 30 Junie 1849:

Het Bandieten onderwerp wordt vervelend - walgelyk. Al de Kaapstadse nieuwsbladen zyn met hetzelfde gevuld, en ons eigen klein blad is ook heden met hetzelfde opgepropt vol.¹⁴

‘n Uitsondering was *Sam Sly's African Journal* wat deur W.L. Sammons uitgegee is en wat ‘n gematigde en ‘n meer menslike perspektief oor die bandietekwessie gehuldig het.¹⁵

Demonstrasiebewegings wat ontstaan het, het tot ‘n sterk eenheidsgevoel en selfs opwelling van emosies onder beide die Engels- en Hollandssprekende koloniste gelei. Die prominente rol wat Benjamin Norden en ander gematigdes tydens die gebeure gespeel het, is minder bekend. Met hierdie artikel word gefokus op Norden as ‘n gematigde wat, hoewel hy ook die plasing van gevangenes aan die Kaap afgekeur het, nogtans vanuit ‘n morele vertrekpunt nie wou toelaat dat hulle medemenslikheid teenoor die gevangenes gekompromiteer word nie. In hierdie

-
10. N. WORDEN, E. VAN HEYNINGEN EN V. BICKFORD-SMITH, *Cape Town: the making of a city*, (David Philip, Cape Town, 1998), pp. 175- 176. Hierdie outeurs verwys verkeerdelik na ‘n Joseph in plaas van Benjamin Norden as lid van die Kaapse munisipaliteit.
 11. L. HERRMAN, *A history of the Jews in South Africa: from the earliest times to 1895*, (South African Jewish Board of Deputies. Cape Town, 1935), pp. 147-159.
 12. H. C. BOTHA, *John Fairbairn in South Africa*, p. 199.
 13. *Het Kaapsche Grensblad* in Grahamstad van 9 Juny 1849.
 14. *Ibid.*, 30 Juny 1849.
 15. A.F. HATTERSLEY, *The convict crisis and the growth of unity: resistance to transportation in South Africa and Australia, 1848-1853*, p. 59.

omstandighede was Norden se standpunt ongewild sodat hy vir die res van sy verblyf aan die Kaap ‘n uitgeworpene was.¹⁶

Benjamin Norden (1798-1877): ‘n kort lewensoorisig

Norden is in London as die seun van Abraham Norden gebore en het op twee en twintigjarige ouderdom met sy vier broers in Mei 1820 as lede van die setlaargroep onder Thomas Wilson met die *Belle Alliance* in Algoabaai aangekom, om hulle as boere in die Oos-Kaap te vestig.¹⁷ Met hierdie Setlaars se boerderye in die omgewing van Albanië het dit oor die algemeen nie goed gegaan nie. Die grond wat aan hulle toegeken is het vyftig morges ongerepte suurveld ingesluit wat vir boerdery doeleindes ontoereikend was en boonop het die setlaars geen kennis van boerdery gehad nie. C.R. Kotze verduidelik hulle omstandighede sò: “Ernstiger was die feit dat te veel van hulle verarmde stedelinge was en te min ervare landbouers. As pioniers, mense wat plase moes aanlê, die natuur moes tem, wilde diere en plunderende natuurle moes trotseer, sou hulle nie deug nie.”¹⁸ Volgens die Joodse skrywer, R. Musiker, was die Nordenbroers desnieteenstaande

imbued with exceptional personalities, public spiritual civic consciousness, ability, enterprise and vision (especially in the case of Benjamin Norden) and they bore a remarkable amount of goodwill towards their Gentile townsmen.¹⁹

Soos heelwat ander setlaars het Norden in 1824 ‘n ander heenkome gesoek en saam met een van sy broers in 1829 in Grahamstad met ‘n afslaersbesigheid begin.²⁰ Gedurende sy verblyf in Grahamstad het hy aan die ontwikkeling van die wol- en volstruisbedrywe deelgeneem.²¹ Hy was ook as ‘n reisende handelaar by die ivoorhandel bedrywig sodat hy tot in Delagoabaai werksaam was. In Grahamstad het Norden met Piet Retief, die Voortrekkerleier, vriende gemaak. Gedurende die tyd wat Retief in Grahamstad oorgebly het, is hy insolvent verklaar en nadat hy ‘n hofsak verloor het, is hy in hegtenis geneem. Norden was die afslaer wat sy borg

-
16. L. HERRMAN, *A history of the Jews in South Africa: from the earliest times to 1895*, pp. 147-159.
 17. C. FRIEDMAN-SPITS, “Jewish 1820 settler Maurice Garcia”, *Jewish Affairs*, April, 1981, p. 59; W.J. DE KOCK, *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, 1*, (Tafelberg, Kaapstad, 1968), pp. 620-621; A.F. HATTERSLEY, *The convict crisis and the growth of unity: resistance to transportation in South Africa and Australia, 1848-1853*, p. 56.
 18. C.R. KOTZE, “‘n Nuwe bewind”, in C.F.J. MULLER (Red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, (Academica, Pretoria, 1968), p. 110.
 19. R. MUSIKER, “1820 Jewish settlers: 150th anniversary reassessment”, *Jewish Affairs*, 25(10), 1970, p. 15.
 20. L. HERRMAN, *A history of the Jews in South Africa: from the earliest times to 1895*, p. 101.
 21. A. ADDLESON, “In the Eastern Province,” in G. SARON en L. HOTZ (Eds.), *The Jews in South Africa: a history*, (Oxford University Press, Kaapstad, 1955), p. 301.

betaal het en wat van al Retief se skuldeisers, dié een was wat hom die meeste gehelp het om sy vryheid te herwin.²²

Norden was aktief by verskillende gemeenskappe en projekte betrokke. Hy het byvoorbeeld as ‘n Jood in 1834 gehelp met die bou van die Anglikaanse St John-kerk in Bathurst. Daarbenewens het hy in 1837 in Grahamstad op die komitee gedien om die eerste seehoof in Port Elizabeth te bou²³ en was hy in dieselfde jaar ook behulpsaam met die totstandkoming van die eerste *Settlers’ Church* in Grahamstad.²⁴ Norden was ‘n regte awonturier en het tydens sy bedrywighede as ivoorhandelaar aan die Ooskus ook ‘n aandeel aan die ontwikkeling van Delagoabaai gehad.

Kaptein Allen Gardiner (1794-1851), ‘n Britse soldaat en sendeling, het Norden se firma, B. Norden & Maynard, in 1835 in Durban geloof vir die insameling van fondse en vir hulle hulp met die oprigting van die eerste Christelike kerk in Durban.²⁵ Gardiner het as ‘n bemiddelaar tussen sir Benjamin D’Urban (1777-1849), die goewerneur van die Kaapkolonie, en Dingaan, die Zulukoning, opgetree toe daar vermoed is dat Dingaan die blankes in Natal vyandig gesind sou wees. Teen die einde van 1835 het Gardiner vir Norden versoek om ‘n brief en geskenke van D’Urban, namens die koning van Engeland aan Dingaan, af te gee.²⁶ Dingane se reaksie op die geskenke van die goewerneur kon Norden nie voorsien nie. P. Becker, ‘n volkekundige, verduidelik:

The King expressed deep disappointment, adding he was amazed that so important a personage as the Governor should be lacking in generosity. However, he was overjoyed at the present of a large, old-fashioned armchair specially made for him in Grahamstown.²⁷

Dingaan het op hierdie stoel gesit toe Piet Retief en sy geselskap hom in November 1837 besoek het.²⁸

Hoewel Norden se besoek aan Dingaan van korte duur was, was dit baie suksesvol. Becker skryf: “On his return journey he was accompanied by about a hundred and

22. R. MUSIKER, “1820 Jewish settlers: 150th anniversary reassessment”, *Jewish Affairs*, 25(10), 1970, p. 16.

23. W.J. DE KOCK, *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, 1, pp. 620-621.

24. A. ADDLESON, “In the Eastern Province,” in G. SARON en L. HOTZ, *The Jews in South Africa: A history*, p. 300.

25. A.F. GARDINER, *Narrative of a journey to the Zoolu country, South Africa*, (Crofts, London, 1836), p. 394.

26. *Ibid.*, p. 404.

27. P. BECKER, *Rule of fear: The life and times of Dingane King of the Zulu*, (London 1964), pp. 186-187.

28. *Ibid.*, p. 210.

Historia, 46(2), 2001, pp. 455-76.

fifty warriors each bearing at least one elephant tusk, seven to eight feet long,”²⁹ wat beslis ‘n kosbare geskenk was. Tydens Norden se reise het hy met Nathaniel Isaacs, die jong Joodse vertroueling van Tsjaka en Dingaan, kennis gemaak. Albei was daarvan oortuig dat Natal baie voordelig vir Brittanje sou wees aangesien die grond vrugbaar en die klimaat voortreflik was.³⁰

Teen hierdie agtergrond is dit vreemd dat Norden teen 1840 sy reisende lewenswyse verander het en permanent met sy gesin na Kaapstad verhuis het. Moontlik het die Joodse welsynsetiek wat die gesinslewe hoog ag, ‘n rol gespeel toe hy besluit het om sy gesin in ‘n gerieflike omgewing te vestig.³¹ In die Kaap het hy as ‘n handelaar onder andere in vennootskap met die Jood Aaron de Pass met die ontginning van guano betrokke geraak. Norden het hom ook met die openbare sektor bemoei en het as ‘n kommissaris van die Kaapse munisipaliteit aktief by die gemeenskapslewe ingeskakel.³²

Norden se pogings ten behoeve van die Joodse gemeenskap in Kaapstad vorm sy grootste bydrae tot sy nuwe vaderland.³³ Sy dinamiese ingesteldheid het daartoe bygedra dat belydende Jode in die Kaapkolonie vir die eerste keer in 1841 op ‘n georganiseerde wyse ‘n eie Joodse gemeenskap gevorm het. Daar word geskryf dat:

(O)n the invitation of Benjamin Norden, a congregation consisting of seventeen males met at his house, Helmsley Place, in Hof Street, on the eve of the Day of Atonement, 5602 A.M. (26 September 1841), to celebrate the inauguration of the Fast, and read the *Kol Nidre* service.³⁴

Hierdie Verootmoedigingsdiens het tot die stigting van die Joodse gemeente en ‘n vereniging Tikvath Israel, aanleiding gegee. Hierna het die gemeenskap beding vir die verkryging van grond vir ‘n Joodse begraafplaas en die totstandkoming van ‘n sinagoge, waarby Norden weer eens aktief betrokke was.³⁵

29. *Ibid.*, p. 187.

30. L. HERRMAN, *A history of the Jews in South Africa: from the earliest times to 1895*, p. 110.

31. S. RAPPAPORT, *The way of good men: Ethical teachings of Judaism*, (South African Jewish Board of Deputies, Johannesburg, g.d.), p. 18.

32. L. HERRMAN, *A history of the Jews in South Africa: from the earliest times to 1895*, p. 111; A.F. HATTERSLEY, *The convict crisis and the growth of unity: resistance to transportation in South Africa and Australia, 1848-1853*, p. 56.

33. W.J. DE KOCK (Red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, I*, p. 621.

34. L. HERRMAN, “Cape Jewry before 1870”, in G.SARON & L. HOTZ, *The Jews of South Africa: A history*, (London, 1955), p. 9.

35. L. HERRMAN, *A history of the Jews in South Africa: from the earliest times to 1895*, pp. 115-116.

Jode van oraloer in die Kaapkolonie het by hierdie gemeente aangesluit sodat die werksaamhede van die Judaïsme kon voortgaan ten spyte daarvan dat hulle aanvanklik geen geestelike leier gehad het nie. Herrman verduidelik:

They kept the Sabbaths and Festivals and buried their dead in the correct ceremonial manner; but they were compelled to call in the services of a Protestant minister to marry them, they had no facilities for the proper observance of the dietary laws nor for the instruction of their children....³⁶

Teen 1849 het die Joodse gemeente oor die dienste van sy eerste geestelike leier beskik en kon die sinagoge op Vrydag 15 September ingewy word.³⁷ Dit was ook 'n belangrike tydstip vir die Joodse gemeenskap aangesien die gebeure wat met die *Neptune*-voorval in 19 September 1849 gepaard gegaan het, besondere eise aan Norden en die Joodse gemeenskap sou stel.³⁸

Die Kaapkolonie as 'n moontlik bandietekolonie

Die Britse regering het die Kaapse goewerneur, sir Harry Smith, op 8 November 1848 in 'n offisiële skrywe, asook in 'n privaatbrief, ingelig dat 'n Opdrag in Rade, reeds sonder die Kapenaars se goedkeuring ingestel is wat van die Kaap 'n 'strafvolkplanting' sou maak.³⁹ Dit het Fairbairn, die redakteur van die *South African Commercial Advertiser (SACA)* geïnspireer om die implikasies van sò 'n besluit uit te lig:

Once give it the name of a penal Settlement, a Convict station, a Place of Punishment, a range of thieves, robbers, incedentaries, forgers, assasins, and traitors and healthy immigration is checked forever.⁴⁰

Hy het verder gesê dat "...a pestilence sweeping off half the population should be preferred to an infusion of vice which would render the whole unworthy to live."⁴¹ 'n Beroep is op lesers gedoen om op 18 November 1848 'n openbare vergadering in die saal van die Koopmans Beurs by te woon om teen die besluit van Grey beswaar aan te teken.⁴² Tydens hierdie vergadering wat goed bygewoon is, is 'n komitee van vyf mense waaronder J. Fairbairn en J.B. Ebdien getel het, saamgestel wat die besluite wat geneem is in 'n petisie aan koningin Victoria sou voorlê.⁴³

36. *Ibid.*, p. 128.

37. *Ibid.*, p. 146.

38. *Ibid.*, p. 147.

39. *Ibid.*

40. *The South African Commercial Advertiser*, 15 November, 1848.

41. G.M. THEAL, *History of South Africa*, pp. 72-73.

42. *The South African Commercial Advertiser*, 15 November, 1848.

43. H.C. BOTHA, *John Fairbairn in South Africa*, p. 200.

Historia, 46(2), 2001, pp. 455-76.

Nadat goewerneur Smith op 8 November 1848 die Wetgewende Raad oor die Opdrag in Rade ingelig het, was die gemeenskap in die Kaap hoogs ontsteld.⁴⁴ Ebdem, wat ook 'n lid van die Wetgewende Raad was, het sy spyt teenoor die goewerneur sò uitgespreek:

Ik heb met eene groote maat van spyt van smartelyke verbasing gehoord dat Harer Majesteits bewind beoogd dit land in elke sin des woords tot een straf-kolonie te maken ... zonder dat het gevoelen van het publiek in de aangelegenheid geraadpleegd worde.⁴⁵

Hierop het goewerneur Smith die mening uitgespreek dat dit moontlik die arbeidsvraagstuk in die Kaap kon oplos as die bandiete as “dienstboden” benut kon word.⁴⁶

Wat nie algemeen in die Kaap bekend was nie, is die haglike omstandighede waaronder die Iere verkeer het nadat die aartappeloes in 1847 misluk, 'n hongersnood ontstaan en 200,000 mense die dood in die gesig gestaar het. Sommige van hulle het hul teen hierdie agtergrond noodgedwonge tot misdaad gewend. Hoewel die Britte met die nywerheidsontwikkeling betreklik welvarend was en bereid was om die Iere te help om die nood te verlig, was die owerheid van oordeel dat dit sinvol sou wees om hierdie gevangenes, as “approved emigrants having certificate of character”⁴⁷ na die Kaapkolonie as arbeiders te deporteer. Onder hierdie gevangenes was 'n politieke gevangene John Mitchel, die redakteur van die anti-Britse koerant *United Irishman*. Die Britte wou graag van hulle ontslae raak aangesien hulle tronke oorvol was.⁴⁸ Maar ongeag hiervan was dit vir die Kapenaars onaanvaarbaar aangesien dit 'n presedent sou skep om in die toekoms minder wenslike gevangenes aan die Kaap te vestig.⁴⁹

In Maart 1849, voordat 'n antwoord van die Britse regering ontvang is, het berigte uit Engelse koerante aan die Kaap die rondte gedoen dat 'n skip vanaf Bermuda bandiete na die Kaap sou bring. Hierdie houding van die Britse owerheid teenoor die Kaapse gemeenskap het meegebring dat die vertrouensverhouding wat tussen die Kaapkolonie en Brittanje bestaan het verbreek is.⁵⁰ Dit het meegebring dat die Kaapse munisipaliteit waarop Norden ook verteenwoordig was, aangemoedig is om

44. A.L. HARRINGTON, *Sir Harry Smith- bungling hero*, p. 147.

45. *Het Kaapsche Grensblad*, 2 Desember, 1848.

46. *Ibid.*

47. *Ibid.*, 28 April, 1849.

48. D. NEWBY, The convict ship Neptune, in *Simon's Town Historical Society Bulletin*, 29(4), July 1997, p. 137.

49. G.M. THEAL, *History of South Africa*, p. 76.

50. *The South African Commercial Advertiser*, 7 April, 1849.

tot die stryd toe te tree.⁵¹ Op 5 April 1849 is ‘n massavergadering op die Kaapse Parade byeengeroep waarin ‘n protesakte in Engels en Hollands opgestel is. Dit is deur 196 Koloniste onderteken en in die *SACA* gepubliseer. Hiermee is Grey versoek om die Opdrag in Rade te herroep aangesien die Kapenaars nie bereid was om “overtuigde misdadigers” in hulle midde toe te laat nie.⁵² Hulle het die goewerneur versoek om te verhoed dat enige bandiete in enige gebied van die Kaapkolonie sou land en het ‘n gelofte afgelê:

Wy verklaar by deze en beloven plegtiglyk aan elkander en aan onze medekolonisten, dat wy in geene hoedanigheid hoegenaamd zullen employeren, of in onze etablissementen opnemen, eenige van de veroordeelde Misdadigers, die de Sekretaris van Staat voor de Kolonisten heeft gelast over te brengen naar onze kusten en onder ons los te laten onder den naam van “Ballingen”, of bandieten hebbende brieven van vryheid.⁵³

Hierdie samevatting van die openbare mening het raadslid Ebdon aan die Goewerneur in verskeie verhoë oorgedra met die hoop om die goewerneur se versekering te kry dat die boot met sy aankoms weggestuur sal word.⁵⁴ Die goewerneur het die ontvangs van hierdie skrywe erken en gemeld dat hy sou reageer nadat hy officieel deur die Britte se besluit ingelig is.

Na aanleiding van ‘n skrywe van die Kaapse munisipaliteit is openbare byeenkomste in April 1849 in Port Elizabeth, Grahamstad en ander dorpe in die Oos-Kaap en selfs in Natal gehou om die bandietekwessie te bespreek. In Grahamstad het W.R. Thompson gepleit dat eensgesindheid oor die bandietekwessie onder almal sou geld.

Hy verzekerd dat geen groter ongeluk die kolonie kon overkomen, dan het invoeren van bandieten. Hy beschouwe dit erger te zyn, dan een Kaffer Oorlog, pest, of hongersnood.⁵⁵

Die verskillende kerkgenootskappe in die Kaap het ook gesamentlik in ‘n memorie aan die goewerneur gerig en hulle teenkating teen die Britse besluit in die *SACA* bekend gemaak. Die Skotse kerk het ook afsonderlik die bede uitgespreek dat die goewerneur sou optree ten einde “with the blessing of the Almighty Lord, preserve this Colony, and the adjacent Territories from the indiction of so grievous a calamity”.⁵⁶ Hiermee het die stryd in ‘n “heilige oorlog” ontwikkel en memories is vanuit verskillende dele van die Kaapkolonie ontvang. Regter Burton het

51. *Ibid.*; A.F. HATTERSLEY, *The convict crisis and the growth of unity: resistance to transportation in South Africa and Australia, 1848-1853*, p. 56.

52. *The South African Commercial Advertiser*, 11 April 1849.

53. *Ibid.*

54. *Ibid.*, 21 April 1849; A.L. HARRINGTON, *Sir Harry Smith- bungling hero*, p. 153.

55. *Het Kaapsche Grensblad*, 21 April, 1849.

56. *The South African Commercial Advertiser*, 14 April, 1849 en 21 April, 1849.

Historia, 46(2), 2001, pp. 455-76.

byvoorbeeld die mening uitgespreek dat ‘n gemeenskap waarin gevangenes opgeneem is verdoem sou wees soos: “A cage full of unclean birds, full of crimes against God and Man, Murders and Blasphemies, and all Uncleaness.”⁵⁷ Fairbairn het nou ook religieus geraak deur uit die Skrif aan te haal: “Put not your faith in Princes!”⁵⁸ om Grey se optrede te veroordeel.

Die *Neptune*, het op 22 April 1849 vanaf Bermuda na die Kaap vertrek en op 8 Mei 1849 het die goewerneur die offisiële verklaring van Grey ontvang dat die Kaapkolonie ‘n strafkolonie sou word.⁵⁹ Op 19 Mei 1849 het ‘n groot openbare opelugbyeenkoms op die Parade in Kaapstad plaasgevind waartydens nege protesresolusies voorgestel is en wat deur 1 800 mense onderteken is. Die goewerneur het weer eens geantwoord dat hy eers oor sy optrede sal besluit nadat hy opdrag van Brittanje ontvang het omdat hy wetlik verplig was om aan die owerheid in Brittanje onderdanig te wees.⁶⁰ Die goewerneur se houding is sterk afgekeur en hy is van ‘(o)fficial blindness’ beskuldig.⁶¹ In ander dele van die Kolonie het soortgelyke byeenkomste plaasgevind waarin die resolusies van die Kapenare ondersteun is en waarin ‘eensgezindheid’ ernstig bepleit is. Hiervolgens is besluit dat indien die *Neptune* nie na ‘n ander bestemming weggestuur sou word nie,

de pakhuisen en winkels soudens gesloten worden, te einde de geheele bevolking van de hoofdstad ene gelegenheid te geven om hun gevoelens van wederstand ernstiglyk en op de plegtigste wyze aan den dag te leggen.⁶²

Die Britse en Hollandse koloniste het voorts saamgestaan en ‘n drukgroep, die Anti-Convict Association, die Anti-Bandieten Genootskap op 31 Mei 1849 in Kaapstad gestig met die primêre doelwit om druk op die owerhede uit te oefen om die kolonisasie van bandiete aan die Kaap te verhoed.⁶³ Fairbairn was die inspirasie vir die Anti-Bandieten Genootskap en onder sy leierskap en Ebden se voorsitterskap is die stryd teen die Britte se besluit voortgesit.⁶⁴ Norden het hom ook by dié protesbeweging geskaar.⁶⁵ Hierdie genootskap het hierna gereeld

57. *Ibid.*, 19 May, 1849 and 16 June, 1849.

58. *Ibid.*, 12 May, 1849.

59. *Het Kaapsche Grensblad*, 5 January, 1850.

60. *The South African Commercial Advertiser*, 19 May, 1849 en 26 May, 1849.

61. *Eastern Province Herald*, 20 June 1849.

62. *Het Kaapsche Grensblad*, 29 Mei, 1849.

63. L. MARQUARD, *The story of South Africa*. (Faber & Faber, Londen, 1955), p. 160.

64. P.L. SCHOLTZ, “Die Kaapkolonie, 1853-1902”, in C.F.J. MULLER (Red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 157.

65. L. HERRMAN, *A history of the Jews in South Africa: from the earliest times to 1895*, p. 148; A.F. HATTERSLEY, *The convict crisis and the growth of unity: resistance to transportation in South Africa and Australia, 1848-1853*, p. 56.

vergader en alle aktiwiteite daaraan verbonde soos kennisgewings vir vergaderings, die terugvoering daarvan en emosionele propaganda is noukeurig in die *SACA* opgeneem sodat dié koerant die onoffisiële mondstuk van die drukgroep geword het.⁶⁶

Die ernstige lig waarin die Kapenaars hierdie probleem gesien het, kan afgelei word uit die advertensie wat in die uitgawe van *SACA* van 30 Mei 1849, onder die opskrif “Convicted Felons”, verskyn het. Hiervolgens het agt en sewentig ondertekenaars geld aan die owerheid bewillig indien daar enige uitgawes daaraan verbonde sou wees om die *Neptune* met sy aankoms al sy gevangenes na ‘n ander bestemming te stuur. Die bedrae wat beloof is het gewissel van een honderd pond per persoon tot twee pond met ‘n totaal van 3 370 pond.⁶⁷ Hierdie fonds is die “Guarantee Fund” genoem, wat steeds bly groei het aangesien die lesers deurentyd aangemoedig is om by te dra om sò die goewerneur van hulle erns te oortuig.⁶⁸

In Fort Beaufort is na hierdie aangeleentheid as “Convictism” verwys. Daar is verder met verontwaardiging daarna verwys dat selfs die “Hottentotte” daarteen was dat uitgeworpe bandiete na die Kaap gestuur sou word.⁶⁹ Fairbairn het gevra:

What is the avowed motive for thus erecting Kingdoms of Satan in their Colonies? *It is to save the expense of erecting prisons!*⁷⁰

D. Newby ‘n afgetredene medikus bevestig hierdie bewering deurdat hy daarop wys dat die uitvoer van bandiete na die kolonies die probleem van oorvol tronke sou oplos.⁷¹

Die goewerneur het die Wetgewende Raad op 9 Junie 1849 van die ontvangs van die Opdrag in Rade in kennis gestel ongeag “dat men ALLES gedaan heeft, niet alleen om de Opdrag in Rade welke deze kolonie eene strafvolkplanting maakt, te doen herroepen”.⁷² In Junie 1849 het die goewerneur opdrag van die Britse regering ontvang om die bandiete wat aan boord van die *Neptune* op pad na Kaapstad was te

66. In *The South African Commercial Advertiser*, 8 September, 1849 word byvoorbeeld kennis gegee van ‘n vergadering wat dieselfde dag gehou sou word en verslag gedoen het oor ‘n vergadering wat die 5 de September 1849 gehou is.

67. *The South African Commercial Advertiser*, 30 May, 1849.

68. *Ibid.*, 6 June, 1849.

69. ‘n Berig uit die *Grahams’s Town Journal* wat in *The South African Commercial Advertiser*, 9 June, 1849 opgeneem is.

70. *Ibid.*

71. D. NEWBY, “The convict ship Neptune”, *Simon’s Town Historical Society: Bulletin*, p. 137.

72. *Het Kaapsche Grensblad*, 14 July, 1849.

Historia, 46(2), 2001, pp. 455-76.

ontvang en op 21 Junie 1849 word die Opdrag in Rade in *De Kaapstadse Gazette* gepubliseer.⁷³

Op 16 Junie 1849 word die eed, die “Anti-Bandieten Gelofte” in die nuusblaaie gepubliseer. Op die voorblad van die *SACA* van 23 June 1849 word advertensies in die verband, en ‘n betoog van die Genootskap gepubliseer waarin Ebdens almal aanmoedig om die petisies te teken deur ‘n plegtige gelofte af te lê:

THE PLEDGE: Not to Employ, and to Drop all Intercourse with those who Employ Convicted Felons under Sentence of Transportation.⁷⁴

In die volgende week word “Anti-Bandieten resolusies” deur al die banke en assuransiemaatskappye in Kaapstad aanvaar. Geloftes van die Spaarbank, die Kaap de Goede Hoop Bank, Koloniale Bank, Union Bank, die Mutueele Assurantie Genootskap het advertensies op die voorblad van die koerante gepubliseer.⁷⁵ ‘n Berig in een van die Britse koerante wat 5 April 1849 met die boot die *June Pirie* in Kaapstad aangekom het, het werklik ‘n bonus ingehou. In dié berig oor ‘n debat wat op 27 Maart 1849 in die Britse Laerhuis oor die bandietekwessie gevoer is het C.B. Adderley die owerheid se besluit om gevangenes na die Kaap te stuur, sterk afgekeur.⁷⁶ Sulke berigte uit Brittanje het voordele ingehou, *Het Grensblad* het daarvoor geskryf:

De Hr. Adderley, onze oude voorstander, houdt zich ook niet omtrent de zaak der kolonien ledig. Hy heeft in de ‘Spectator’ van den 7 July een geschrift gepubliseerd omtrent Verbeteringen in het stelsel van Koloniaal Bestuur, die de harten der kolonisten verwarmen zal.⁷⁷

Die openbare mening is in sò ‘n mate beïnvloed dat blankes en gekleurdes, Engels- en Hollandssprekendes op 4 Julie 1849 in gietende reën op ‘n groot openbare byeenkoms op die Parade betoog het. Hulle doel was om die Koningin en haar Parlement te oorreed om die Opdrag in Rade terug te trek. Hierdie betoging wat vir sewe uur geduur het, is deur 7 000 mense bygwoon.⁷⁸ Thomas Bowler wat ook hieraan deelgeneem het, het dié gebeure wat ‘n rustige toneel van rasseharmonie weerspieël, op doek vasgelê.⁷⁹ Petisies is aan koningin Victoria gerig, bidure is gehou en in die nuwe sinagoge was ‘n spesiale gebed tot God gewy, wat selfs in die

73. *The Cape of Good Hope Government Gazette*, 21 June, 1848.

74. *Ibid.*

75. *Ibid.* 27en 30 June, 1849; *De Zuid-Afrikaan*, 28 June, 1849.

76. *The South African Commercial Advertiser*, 30 May, 1849 and 13 June, 1849.

77. *Het Kaapsche Grensblad*, 22 September, 1849.

78. H.C. BOTHA, *John Fairbairn in South Africa*, p. 209.

79. N. WORDEN, E. VAN HEYNINGEN EN V. BICKFORD-SMITH, *Cape Town: the making of a city*, p. 175.

SACA gepubliseer is.⁸⁰ In ‘n skrywe gedateer 11 Julie 1849 antwoord die goewerneur op ‘n memorie wat die vorige dag aan hom gerig is waarin hy die Anti-Bandieten Genoostchap van sy empatie verseker, en die feit ontken dat die regering hulle wil bedrieg. Hy het dit sò gestel:

I am accordingly preparing to keep [the convicts] afloat in Simon’s Bay, until I receive from Earl Grey further instructions as to their final disposal, for which I have some time ago applied. Your request, Gentlemen, however desirable may be its object that I send the ‘Neptune’ away on her arrival, naturally induces the question where to? ... The first proposition was to land the Convicts on Robben Island. This you opposed, and on my intention to keep them afloat, you make this request that the “Neptune” be sent away; a request as unreasonable as compliance with it is impracticable.⁸¹

Die lede van die Wetgewende Raad is hierna uitgejou en vyf van die sewe burgerlike lede, waarvan Ebden een was, het 13 Julie 1849 hulle bedanking ingedien.⁸² Smith was in ‘n onhoudbare posisie vasgevang.

Het Grensblad het oor die aankoms van die *Neptune* op 19 September 1849 soos volg berig:

Het pestchip is eindelyk aangekomen, en die stryd voor Zedelyke vryheid begonnen! De *Neptune* met haar schurkenlading, liep op Woensdag avond, den 19 den dezer, te acht uren de Simonsbaai binnen.⁸³

Die *Neptune* wat in Simonsbaai aangekom het, het 282 Bandiete aan boord gehad. Tydens die reis vanaf Bermuda, wat byna vyf maande geduur het, is sewe bandiete oorlede.⁸⁴ Aaron De Pass, Norden se vennoot, was een van ‘n afvaardiging van vier prominente gemeenskapslede wat deur die kommissaris van Kaapstad gestuur is om die beamptes by die hawe in te lig dat niemand op die skip toegelaat sou word om aan wal te kom nie. Die volgende oggend was die Kaap in rep en roer en het die Anti-Bandieten Genootschap die goewerneur formeel versoek om die skip terug te stuur. Die goewerneur is ook daaraan herinner dat die Protesakte die sin ingesluit het dat geen voorrade aan die *Neptune* voorsien sou word nie.⁸⁵ Die goewerneur het die protesgroep weer eens daarop gewys dat hy nie by magte was om die Britse

80. L. HERRMAN, *A history of the Jews in South Africa: from the earliest times to 1895*, p. 148.

81. *The South African Commercial Advertiser*, 14 July, 1849.

82. *The South African Commercial Advertiser*, 14 July, 1849; A.L. GEYER, “Britse Bestuursvorme tot 1910” in A.J.H. VAN DER WALT, J.A. WIID en A.L. GEYER, in *Geskiedenis van Suid-Afrika II*, p. 54.

83. *Het Kaapsche Grensblad*, 29 September, 1849.

84. *Ibid.*

85. L. HERRMAN, *A history of the Jews in South Africa: from the earliest times to 1895*, p. 148.

bevele te verontagsaam nie.⁸⁶ In die *Gazette* van 27 September 1849 is ‘n *depeche* wat van Grey ontvang is, gepubliseer waarin hy aangebied het om die koste van ‘die vrye immigrante’ te dra indien hulle toestemmig sou verkry om te land.⁸⁷ Kort na die aankoms van die *Neptune* het Biskop Gray die skip besoek. Daar was een en sestig Protestante aan boord en die res was van die Roomse Katolieke geloof. Die Biskop het ‘n erediens vir ‘n besonder waarderende gehoor waargeneem en daarna vir eerwaarde Sandberg benoem om na die groep se geestelike behoeftes om te sien.⁸⁸ Die Anti-Bandieten Genootskap het winkels verbied om solank die *Neptune* in Simonsbaai geanker sou wees openlik handel te dryf, maar hulle kon wel aan sekere bevoorregtes voedsel en verbruikersware voorsien.

The word then, is, - No supplies to Departments. No supplies to those who supply Departments. That is, at present, the action of the Pledge.⁸⁹

Dit het besighede genoop om te sluit wat direk tot werkloosheid gelei het.

Norden en sy geesgenote se standpunte en optrede

Enkele Kapenaars het begin twyfel oor die etiek daarvan om die mense op die *Neptune* uit te hongers. Hoewel dr. A.N.E. Changion teen verdeling gewaarsku het,⁹⁰ het die Anti-Bandieten Genootskap in twee verdeel: Die “moderates”, oftewel gematigde denkers, het mense soos Ebdon, Norden en professor J. Adamson ingesluit. ‘n Oorweldigende meerderheid, die *Ultras*, oftewel die vasberade denkers, soos Fairbairn, T. Sutherland en Changuion het ‘n geformuleerde voorstel gesteun wat in die *SACA* gepubliseer is: “It will be a violation of the pledge to furnish any supplies of any description to the Naval Department of Simonstown directly or indirectly.”⁹¹ *Sam Sly’s African Journal* het na hierdie optrede as die “Cape Inquisition” verwys.⁹²

Norden, wat voorheen nog volmondig met die Anti-Bandieten Genootskap saamgestem het, het tydens ‘n vergadering van die Anti-Bandieten Genootskap wat op 28 September 1849 gehou is sy standpunt openlik verklaar.⁹³ Sy gewete en inherente respek vir sy medemens het hom genoodsaak om homself van hierdie

86. *The Cape of Good Hope Government Gazette*, 22 en 27 September, 1849.

87. *Het Kaapsche Grensblad*, 5 January 1850.

88. *Ibid.*

89. *The South African Commercial Advertiser*, 3 October, 1849.

90. H.C. BOTHA, *John Fairbairn in South Africa*, p. 214.

91. L. HERRMAN, *A history of the Jews in South Africa: from the earliest times to 1895*, p. 149; W.J. DE KOCK (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 621.

92. A.F. HATTERSLEY, *The convict crisis and the growth of unity: resistance to transportation in South Africa and Australia, 1848-1853*, p. 60.

93. *Ibid.*

gewelddadige voorstel te distansieer om die gevangenes en die bemanning van die *Neptune*, uit te hongers, met die doel om die goewerneur te dwing om die skip weg te stuur. Hy het gevolglik besluit om uit sy eie sak vierhonderd pond te bewillig om in samewerking met die vloot voedsel soos vrugte, groente en vleis vir die mense op die skip te verskaf.⁹⁴ Hattersley skryf:

[Norden], was held to have committed the unforgivable sin of supplying the authorities with provisions.⁹⁵

Die aand van 3 Oktober 1849 het Norden, terwyl 'n aantal mense toegekyk het, voorrade by die winkel van Alfred Alexander, sy skoonseun se broer, opgelaai. 'n Handelaar, Alexander Miller het vinnig opgetree en verhoed dat die wa Simonsbaai bereik. Miller het hierna

composed a grotesque caricature of Norden, who was shown hanging by the neck from a gallows, with the words 'traitor's doom' inscribed beneath.⁹⁶

Hierdie karikatuur van Norden het Miller, in sy winkelvenster in die Heerengracht vertoon. 'n Hofaksie het gevolg waarna Miller, wat self nie eers die gelofte onderteken of ledegeld betaal het nie, vrygespreek is omdat regter Menzies dié optrede aan 'n "weakness of intellect" toegeskryf het.⁹⁷

Op 4 Oktober 1849 het *De Zuid-Afrikaan* Norden se naam as gelofteverbreker gepubliseer. 'n Afslaersfirma, Bevil en Hart, is deur die Anti-Bandieten Genootskap gewaarsku om onmiddelik hulle verhouding met Norden te verbreek.⁹⁸ Norden het daarna probleme met die verkryging en vervoer van voorrade gehad. Dit blyk byvoorbeeld uit die advertensie wat 'n Karweier, ene C.Clasen, in die *SACA* geplaas het waarin hy ontken het dat hy vrag vir Norden vervoer het om die nood op die *Neptune* te verlig.⁹⁹ W.L. Sammons redakteur van die *Sam Sly's African Journal* het die gematigdes se siening gesteun en geskryf:

We have signed the pledge and will stick to it, but nothing more. We will not ill-use our neighbours, but will give bread and water to all who ask them and stand in need.¹⁰⁰

94. *The South African Commercial Advertiser*, 13 October, 1849.

95. A.F. HATTERSLEY, *The convict crisis and the growth of unity: resistance to transportation in South Africa and Australia, 1848-1853*, p. 60.

96. *Ibid*, p. 61.

97. *Ibid*.

98. *De Zuid-Afrikaan*, 4 Oktober, 1849.

99. *The South African Commercial Advertiser*, 13 October, 1849.

100. A.F. HATTERSLEY, *The convict crisis and the growth of unity: resistance to transportation in South Africa and Australia, 1848-1853*, p. 59.

In sy hoofartikel van die *SACA* van 6 Oktober 1849 het Fairbairn die bevolking aan die Kaap wat verantwoordelik en volgens die Geloofte optree geloof. Hy het egter gemeld dat:

Three individuals are said to have violated the Pledge, or attempted to violate it and as might have been foreseen, the people have DISCOURAGED AND DROPT CONNECTION WITH THEM. People have even refused to deal with those who live in hired houses of the men who violated the Pledge, until they remove from the infected houses.¹⁰¹

Op 6 en 10 Oktober het die *Ultra*, Miller die volgende kennisgewing laat publiseer:

NOTICE

To Portrait & Landscape Painters

REQUIRED a VIEW of the RETREAT of

BENJAMIN NORDEN

and part of his Family, with the Bags on their Backs, supported by Her Britannic Majesty's soldiers, from his House, Castle Street, City of Cape Town, to Her Majesty's Commissariat Store, on the 4 th October, 1849, for which a liberal price will be given. Apply to: ALEX. MILLER, 13, Heerengracht."¹⁰²

Op 13 Oktober het Miller ook 'n advertensie laat publiseer waarin hy ene 'Lery or O'Leary from George' daarvan beskuldig dat hy goedere van Norden aangekoop het.¹⁰³ Die Jode in Kaapstad het nou 'n vyandigheid teenoor hulle begin aangevoel asof alle Jode 'Pledge-breakers'¹⁰⁴ sou wees. Dit het daartoe aanleiding gegee dat S. Rodolf, namens die Joodse gemeenskap in 'n brief aan die *SACA* van 13 Oktober 1849 gerig het om te verduidelik dat die Joodse gemeenskap aan die Geloofte getrou is:

For the conclusion, I beg to say on behalf of the Jewish community that they are grateful to their Christian bretheren for the benevolence shown them in contributing so liberally in their cause. May our common God avert the calamity that is threatening this helpless land.¹⁰⁵

Ander gematigdes soos Ebden, het Norden se mening begin deel en "in common with several of the principal merchants, openly condemned and reprobated this proscribing intercourse with the Government".¹⁰⁶ Emden het toe as voorsitter van

101. *Ibid.*, 6 October, 1849.

102. *Ibid.*

103. *Ibid.*

104. L. HERRMAN, *A history of the Jews in South Africa: from the earliest times to 1895*, p. 153.

105. *Ibid.*

106. *Ibid.*

die Anti-Bandieten Genootskap bedank. Hierdie gematigdes het gevoel dat dit onnodig sou wees om al die mense aan boord van die *Neptune* van honger en dors te laat sterf. Hulle is as ‘verraaiers’ bestempel maar “the main fury of the Cape Town mob was reserved for Benjamin Norden”.¹⁰⁷ Ebdens se firma is in die pers beledig en Norden is deurgaans gehoon:

His name was blazoned on all street-corners, all intercourse with him and his family was forbidden by the Association, and he found himself avoided by all but those in the service of the Government and the few who dared disregard the prohibitions of the all-powerful Fairbairn and his committee.¹⁰⁸

Norden en ander gematigdes het besef dat hulle reeds as geloftebrekers gestigmatiseer was, en het dus volgehou om voorrade aan die vloot te lewer. Hoewel vrugte en groente volop en algemeen verkrygbaar was moes Norden die voorrade saans in die geheim ontvang en lewer.¹⁰⁹ Sammons het die breuk aangevoel en in sy blad geskryf:

Died on 11th October 1849 at the Town Hall....the celebrated personage answering to The Pledge.... a spurious article or charlatan answering to the departed is now being smuggled into the market.¹¹⁰

Alhoewel die “Ultras” dit ontken het, het die omstandighede wel by sekere mense werkloosheid veroorsaak. Dit het daartoe aanleiding gegee dat ‘n “Coolie demonstration” plaasgevind het waar ‘n aantal “Kleurlinge” op 15 Oktober 1849 by die goewerneur om werk en voedsel betoog het. Die goewerneur het hulle na Sutherland, wat toe die voorsitter van die Anti-Bandieten Genootskap was verwys. Die betogers het nie vir Sutherland tuis gekry nie maar vir Norden voor die gebou van Mark Salom, ‘n Joodse afslaer, in Keizersgracht teengekom. Norden en Salom het gepoog om die demonstrasie te ontlont deur die betogers geld aan te bied en aan te raai om elders werk te soek. Later het iemand verklaar dat Norden sou gesê het dat Sutherland in die see gesmyt behoort te word.¹¹¹ Daardie selfde dag het nog spontane onluste voorgekom toe Fairbairn deur ‘n groep werklooses aangeval en sy huis erg beskadig is.¹¹² Sutherland het beweer dat Norden indirek vir hierdie aanval

107. A.F. HATTERSLEY, *The convict crisis and the growth of unity: resistance to transportation in South Africa and Australia, 1848-1853*, p. 62

108. L. HERRMAN, *A history of the Jews in South Africa: from the earliest times to 1895*, pp. 150-151.

109. A.F. HATTERSLEY, *The convict crisis and the growth of unity: resistance to transportation in South Africa and Australia, 1848-1853*, p. 79.

110. *Ibid*, pp. 78-79.

111. *Ibid*.

112. *Ibid*.

Historia, 46(2), 2001, pp. 455-76.

op Fairbairn verantwoordelik sou wees. Norden het Sutherland hiervoor hof toe geneem: Norden het sy hofsaak gewen en is 300 pond as vergoeding toegestaan.¹¹³

Fairbairn en Sutherland het hierop vir Norden en Salom voor die hof gedaag en aangevoer dat hulle met die ‘Kleurlinge’ sou saamgesweer het en teen hulle opgestook het.¹¹⁴ In die hof het Norden en Salom die aanklag ontken en elk een honderd pond aangebied in ‘n poging om die hof te bewys dat hulle geen kwade gevoelens gekoester het nie.¹¹⁵ Die getuienis in die hof was ten gunste van Norden en Salom, wat Sutherland verseker het dat hulle hom nie te na wou kom nie “the facts of the assault were plainly established. Nonetheless the jury refused to convict. Norden’s unpopularity was too widespread and public excitement had reached fever heat.”¹¹⁶ Ten tye van die verhoor het ‘n gepeupel van ongeveer vyftien honderd mense buite die hof vergader om Norden, Salom en B. Alexander, Norden se skoonseun, op pad huistoe voor te lê. Die oproermakers was nie gewone straatboewe nie, maar welbekende Kaapse inwoners wat tydens die ondersoek wat gevolg het, voorgegee het dat hulle eintlik deur Salom se uitdagende houding aangespoor was. Alhoewel die polisie die gepeupel probeer verwilder het, kon hulle nie daarin slaag nie. ‘n Paar soldate het die drie mans huiswaarts begelei, maar almal is met klippe bestook. Die soldate het ook deurgeloop terwyl Norden se rug is ernstig beseer.¹¹⁷ Toe Norden by sy woning aankom het die gepeupel sy woning met sy mense daarin aangeval.¹¹⁸ Herrman het hieroor geskryf:

He (Norden) fired at the attackers, and they dispersed without any harm ... Norden was seriously wounded, his house badly damaged, and his women folk in a state of hysteria.¹¹⁹

Die name van veertien ‘geloftebrekers’ is op 17 Oktober 1849 deur die nuwe voorsitter van die Anti-Bandieten Genootskap, G. Morgan, gepubliseer, met Norden se naam prominent bo aan die lys.¹²⁰ ‘n “Anti-Bandieten Certifikaat” is in Kaapstad in Engels en Hollands vrygestel sodat mense wat na die binneland wou

113. A.F. HATTERSLEY, *The convict crisis and the growth of unity: resistance to transportation in South Africa and Australia, 1848-1853*, p. 73.

114. *Ibid.*, p. 63.

115. *The South African Commercial Advertiser*, 7 November, 1849.

116. A.F. HATTERSLEY, *The convict crisis and the growth of unity: resistance to transportation in South Africa and Australia, 1848-1853*, pp. 64-65.

117. W.J. DE KOCK (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 621; A.F. HATTERSLEY, *The convict crisis and the growth of unity: resistance to transportation in South Africa and Australia, 1848-1853*, p. 64.

118. D. NEWBY, *The convict ship Neptune. Simon’s Town Historical Society: Bulletin*, p. 137.

119. L. HERRMAN, *A history of the Jews in South Africa: from the earliest times to 1895*, pp. 150-151.

120. *The South African Commercial Advertiser*, 16 October, 1849

reis, dit kon gebruik om hulle lojaliteit aan die Gelofte te bewys en aan te toon dat hulle nie “gedroste Bandieten” sou wees nie.¹²¹ Hiermee het die nuusblaaie die lesers aangemoedig om standvastig te wees en te verseker dat:

uwe kinderen u niets te verwyten hebben. Gy hebt u tot dus verre - met eenige nietsbeduidende uitzonderingen - goed gedrage. Laat het woord dus steeds zyn - *Getrouwheid - Standvastigheid - Eendragt maakt magt*.¹²²

Die vertrek van die Neptune

Op 12 Desember 1849 het die goewerneur ‘n privaat *depeche* van Grey ontvang waarin dié hom meegedeel het dat finale instruksies op pad was dat bandiete wat hoofsaaklik benede dek van die *Neptune* aangehou is, nie meer in die Kaap gevestig sou word nie. Die Ierse leier Mitchell, wat een van die bandiete was het die Kapenaars bewonder omdat hulle die Britse druk weerstaan het.¹²³ Die *Neptune* kon weggestuur word sodra die goewerneur die offisiële boodskap per boot sou ontvang.¹²⁴ Die goewerneur is op 13 Februarie 1850 gelas om die *Neptune* aan te sê om met die gevangenes na Van Diemen’s Land, tans Tasmanië, te vaar. Die *Neptune* het op 21 Februarie 1850, vyf maande en twee dae nadat dit in Simonsbaai vasgemeer het, sy vaart voortgesit. Met blydskap is geskryf:

De Neptune is dan eindelyk vertrokken, en de ingezetenen kunnen nu adem halen ...Wy zullen slechts in het voorbygaan zeggen, dat wy het Christelyk gevoelen eerbiedigen om onze vyande te vergeven...Wy kunnen ze vergeven en vergeten ... Maar zyn er niet personen geweest die anderen oogmerken hadden toen zy van ons afweken? Was er geen eigenbelang?¹²⁵

Die besighede in Kaapstad kon hulle deure weer open en die owerheid was waarskynlik verlig omdat dit vernederend moes wees om aan die druk van Fairbairn en die Genootschap onderhewig te wees. Die vertrek van die *Neptune* uit Simonsbaai het tot feesvierings gelei.

De publieke verheuging word overall op allerande manieren uitgedrukt. De Kerkeraad van de Hollandsche Gereformeerde kerk aan de Kaapstad heeft bepaald dat eene Openbare dankdag gehouden zal worden op aanstaande Vrydag, den 8 sten Maart.¹²⁶

121. *Cape Town Mail*, 17 November, 1849; *Het Kaapsche Grensblad*, 1 Desember, 1849.

122. *Het Kaapsche Grensblad*, 1 Desember, 1849.

123. A.F. HATTERSLEY, *The convict crisis and the growth of unity: resistance to transportation in South Africa and Australia, 1848-1853*, p. 66; *Het Kaapsche Grensblad*, 1 Desember, 1849.

124. *Het Kaapsche Grensblad*, 5 January, 1850.

125. *Het Kaapsche Grensblad*, 2 Maart 1850.

126. *Ibid.*

Historia, 46(2), 2001, pp. 455-76.

Die ander kerkgenootskappe het hierdie voorbeeld gevolg. ‘n *Diné* is vir die lede en vriende van die Anti-Bandieten Genootskap vir 12 Maart 1850 gereel.¹²⁷ Die historikus G.M.Theal het dit só beskryf:

The long vigil was over, and everywhere there was rejoicing. Cape Town was illuminated that night, and the streets were filled with people congratulating each other that the colony had been saved from pollution. To God who had given them grace to act as they had done, their humble thanks were due.¹²⁸

Die Kaapse munisipaliteit het die Heerengracht na Adderleystraat herdoop ter ere van Adderley wat as ‘n lid van die Britse Parlement sy invloed laat geld het dat die Kaap se status nie na dié van ‘n bandietekolonie verlaag is nie.¹²⁹

Norden en die afloop van die gebeure

Die vasberade houding van die Anti-Bandieten Genootskap om druk op die Britse owerheid en die goewerneur uit te oefen om die *Neptune* weg te stuur is op ‘n eerbare wyse deur die goewerneur hanteer: Albei belangegroepe het as wenners uit die stryd getree toe die *Neptune* vertrek het. Die voordeel wat dit vir die Kaapse gemeenskap ingehou het is dat daar ‘n eenheidsgevoel ontstaan het, “the struggle has created a people in South Africa ... They preferred to demonstrate the readiness of the community for self-government by constitutional means, using the press, the public meeting and the association of branches pledged throughout the Colony to a common cause,”¹³⁰ sodat dit uiteindelik tot ‘n stelsel van selfregering in die Kaap aanleiding gegee het.¹³¹

Die verloorders was die handelaars en werkloses wat finansiële skade gelei het. Norden se skoonseun, Alexander, en Salom was finansiëel geruïneer. Salom was in werklikheid self ‘n oudbandiet wat vanaf Australië na Suid-Afrika geïmmigreer het sodat hy vanselfsprekend met die bandiete kon identifiseer. Salom het hom egter op ‘n humoristiese wyse op die Kaapstadse gemeenskap gewreek deur ‘n gerug te versprei dat goud op Tafelberg ontdek is sodat ‘n goudstormloop ontketen is waaruit hy munt geslaan het.¹³²

127. *Ibid.*

128. G.M. THEAL, *History of South Africa*, p. 82.

129. L.G. GREEN, *Tavern of the seas*, (Timmins, Kaapstad, 1951), p. 51; A.F. HATTERSLEY, *The convict crisis and the growth of unity: resistance to transportation in South Africa and Australia, 1848-1853*, p. 82; H.C. BOTHA, *John Fairbairn in South Africa*, p. 223.

130. A.F. HATTERSLEY, *The convict crisis and the growth of unity: resistance to transportation in South Africa and Australia, 1848-1853*, p. 80.

131. *Ibid.*, pp. 82-88.

132. L. HERRMAN, *A history of the Jews in South Africa: from the earliest times to 1895*, p. 157.

Norden se optrede om die uithongering van die gevangenes en bemanning op die *Neptune* te verhoed is deur die “Ultras”, die Geloftemakers van die “heilige oorlog” as “eigenbelang” beskryf. Was daar van “antisemitisme” sprake toe die stelling van “eiegenbelang” gemaak is? ‘n Historikus M. Shain, is van mening dat die gemeenskap se houding teenoor die Jode tydens hierdie voorval net as latente antisemitisme beskryf kan word omdat dit van korte duur was en dat daar ‘n gees van welwillendheid tussen Jode en nie-Jode geheers het.¹³³

Hoewel die Kaapse gemeenskap hom van Norden gedistansieer het, het die Joodse gemeenskap later ‘n verklaring uitgereik:

It was strongly felt by Cape Town Jewry that, irrespective of the merits of the dispute, Norden’s sincerity and fortitude were deserving of unqualified respect.¹³⁴

In 1857 het Norden se medekoloniste hom as ‘n blyk van hul agting en ter erkenning van sy bydrae tot die saak van die Judaïsme, ‘n silwervaaas aangebied.¹³⁵ Die goewerneur het Norden erkenning vir sy onbaatsugtige dienste gegee, hom vir sy waagmoed geloof en hom agt honderd pond as vergoeding aangebied. C. Fairbridge, ‘n parlamentslid het tydens ‘n openbare byeenkoms verklaar:

However much you may differ from him [Norden] in some points, none of you can deny his straightforward honesty.¹³⁶

Maar Norden, wat soveel energie bestee en meeleving met verskillende gemeenskappe in die Kaapkolonie getoon het, was van soveel vooroordele teen hom bewus dat hy in 1858 besluit het om na Brittanje terug te keer. Toe hy egter sy eiendom van die hand wou sit wou niemand die veiling bywoon nie. Norden se belangstelling in die sake van die Joodse gemeenskap in die Kaap het steeds lewendig gebly sodat hy die Kaap na ‘n paar jaar weer besoek het.¹³⁷ Norden is twintig jaar later in Brittanje oorlede sonder dat hy ooit sy gesondheid na die steniging ten volle herwin het.¹³⁸

133. M. SHAIN, *The roots of antisemitism in South Africa*, (Johannesburg, 1994), p. 10.

134. I. ABRAHAMS, *The birth of a community: a history of Western Province Jewry from earliest times to the end of the South African War, 1902*. (Cape Town, 1955), p. 10.

135. W.J. DE KOCK (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 621.

136. L. HERRMAN, *A history of the Jews in South Africa: from the earliest times to 1895*, p. 159.

137. W.J. DE KOCK (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 621.

138. L. HERRMAN, *A history of the Jews in South Africa: from the earliest times to 1895*, pp. 152, 159.

Abstracts

Benjamin Norden and the Neptune events, 1848-1850

Who Benjamin Norden actually was, and the role he played in the development of the South African way of life may probably never be fully known. This article outlines the life of Norden as an 1820 settler in the eastern Cape and later as an active member of the developing Jewish community in South Africa. It focusses specifically on his involvement as a leader of Cape Town society in the *Anti-Convict Association* and the *Neptune* incident. Norden's concern about ethical values were interpreted as being against the norms of the *Anti-Convict Association* whereafter he was not only shunned by society in general, but also by the Jewish community.